

Carmen Henning

PJ Olivier - onderwyser

Hoe lyk die skool van die toekoms?

Die COVID-pandemie was 'n ramp wat as't ware die mat onder die wêreld se voete uitgeruk het. Die media berig daaglik hoe groot leerders se agterstande is en hoe dit nooit weer ingehaal sal word nie. Die kaarthuis is besig om inmekaar te stort.

Maar is dit regtig waar? Die skoolsisteem is lankal nie meer opgewasse om leerders voor te berei vir die toekoms nie. Skole is oorspronklik geskep om kinders op te lei om fabriekswerkers te word. Die kinders is gevorm soos 'n kleibeeld, om presies in hul perfekte plekkie in die fabriek in te pas, waar hul dieselfde funksie sou uitvoer vir die res van hulle lewe. Kleredrag en hare moes perfek uniform wees, want eendrag maak mag. Enige eendjie wat sy voet uit hierdie perfekte ry gesit het, is vinnig en effektief met die roede terug gehelp op die regte pad. Skole was perfekte instansies waar kinders eersteklas behaal het vir al hul vakke, veral in Wiskunde, want hulle tafels is letterlik in hul vingers ingeslaan. Daar was geen rokery nie, geen vuisslanery agter die tennismuur nie, en veral geen seksuele verhoudings nie. Kinders het respek gehad vir onderwysers en ouers en altyd hul beste voetjie voorgesit.

Moenie lag nie! Dis die beeld wat talle ouers vandag glo asof dit in die Bybel staan. Hulle het lankal vergeet hoe hulle ook maar met Wiskunde gesukkel het. Hulle het ook maar gerook, gevry, onderwysers verkleineer, net soos vandag se kinders. Waarom klou ons dan soos 'n apie verbete vas aan hierdie pampoenpitte, terwyl daar soveel ander opsies is?

Die skool van die toekoms verskil soos dag en nag van die tradisionele sisteem. Elke leerder is 'n individu, met sy eie versameling Godgegewe talente. Die onderwyser ken elke leerder en bou gesonde, respekvolle verhoudings. Leerders werk hard, nie uit vrees vir die rottang nie, maar omdat hulle in beheer is van hul toekomsplanne. Die onderwyser is 'n fasiliteerder, nie 'n masjien wat net die handboek en PowerPoint skyfies hardop lees nie. Tegnologie word in die klas gebruik om leer te versterk, dit is egter nie die spilpunt waarom die skool draai nie. Leerders kan net so maklik witborde of selfs 'n stoepvloer gebruik om op te teken, en leer vind konkreet plaas. Die kurrikulum is gebaseer op sagte vaardighede, nie irrelevante feite wat geleer word bloot net omdat niemand nog 'n ander handboek geskryf het nie. Leerders leer hoe om self nuwe inligting te bekom, dit te bevraagteken, maar ook hoe om respekvol te verskil van 'n ander. 'n Leerder wat uit hierdie skool stap, kan enige struikelblok takel, omdat hy die regte gereedskap en die selfvertroue het om dit te doen.